deur JACO-HOUGH COETZEE

# 'n Kakkerlak op die rak

## Vrou-alleen het sy die voortou geneem om 'n reeks navorsingsartikels oor die Afrikaanse letterkunde bymekaar te bring

Sy skram behendig weg as sy vrae oor haarself moet beantwoord. Maar vra haar uit oor die Afrikaanse boek, en haar borrelende persoonlikheid kook oor van entoesiasme. En praat kan sy praat – solank dit in Afrikaans is.

"Stel jou voor dat ék, wat so lief vir gesels is, dit dalk eendag met vingertaal moet doen omdat my taal uitgesterf het," sê Chrisna van Rensburg van Roodepoort en lag lekker. "Juis daarom het ek besef dat ek harder vir my kosbare taal sal moet veg."

'n Taal wat nie gelees word nie, sal later ook nie meer gepraat word nie, het Chrisna besef. En só het sy twee van haar grootste passies, Afrikaans en die geskrewe boek, gekombineer. Om háár deel vir Afrikaans by te dra, het sy 'n reeks boekies, *Kakkerlak*, met inligting oor die Afrikaanse skrywers en letterkunde begin publiseer. Sy beplan om minstens vier uitgawes per jaar die lig te laat sien, wat later as 'n reeks tydskrifensiklopedieë bekend kan raak.

Haar oë dwaal oor die rakke en rakke boeke in die groot sonnige vertrek waar ons sit en gesels. Dié vertrek huisves haar privaat biblioteek met meer as 2 000 boeke. "En daar is my kantoor," sê sy laggend as sy na die een hoek wys waar 'n rekenaar op 'n tafel staan.

"Ek het byna drie jaar met boeke wat uit druk is handel gedryf. Ná eindelose navrae vir inligting oor skrywers en boeke het die gedagte aan hierdie reeks tydskrifboekies al sterker by my posgevat."

Sy vertel van die honderde oproepe wat sy van mense regoor die land ontvang: mense wat met passie na die een of ander Afrikaanse boek, wat nie meer in die boekwinkels beskikbaar is nie, op soek is. En as sy nie 'n ekstra kopie van die spesifieke boek in haar versameling het nie, sal sy op soek daarna die land invaar.

"Die ongelooflike lekker gevoel van genoegdoening wanneer jy die tevrede stem van 'n koper hoor, het my elke keer nog tot in my tone met genot vervul. Dit verduidelik waarom ek bereid is om 'n tydskrif oor hierdie bedryf, en oor Afrikaans en kuns in die algemeen, op die been te bring. Eendag sal my man nog verstaan waarom ek oor R20 uit boekverkope opgewonde kan raak – dat dit nie oor die R20 gaan nie, maar oor die tevrede en opgewonde nuwe boekeienaar."

En wanneer dié nuwe boekeienaar trots sy boek van Chrisna ontvang, raak hulle aan die gesels. Oor die Afrikaanse letterkunde, oor die

Chrisna van Rensburg

skrywer of digter – oor sy lewe, waar hy grootgeword het, oor sy denke en agtergrond.

"Ek vind die Afrikaanse leser het 'n intense behoefte om meer oor sy gunstelingskrywer te wil weet en ek hoop dat *Kakkerlak* aan dié behoefte sal voldoen."

As voorbeeld haal sy die eerste uitgawe uit die rak waar daar in die skrywersprofiel-afdeling op die werk en lewe van Dolf van Niekerk, een van die bekendes in die jare sestig, gefokus is. 'n Persoonlike onderhoud met die skrywer, 'n volledige CV oor sy lewe en werk en 'n kuiertjie in Edenburg, sy grootwording-dorp en die plek waar sy wortels vandag nog diep lê, skep 'n unieke kykie na dié man. Dieselfde omvattende inligting kan oor ander klassieke skrywers soos Langenhoven, Jochem van Bruggen en Dalene Matthee gevind word.

Chrisna vertel dié magdom inligting versamel sy uit verskeie bronne. Behalwe vir haar navorsing en duisende kilometer op die pad om by van die skrywers te gaan kuier en inligting in te win, is daar talle ander medewerkers wat ook vrywillig bydraes tot die groot boekstaaf van die Afrikaanse letterkunde lewer. Dié mense het gewoonlik reeds vir 'n nagraadse verhandeling navorsing oor 'n skrywer gedoen en stel dan dié inligting vir 'n breër lesersmark beskikbaar.

Maar dit is nie net na die ou gevestigde skrywers waarna daar gekyk word nie – ook nuwe skrywers se werke word gedokumenteer, bespreek en ontleed.

Maar van waar die vreemde naam, *Kakkerlak*, vir 'n letterkundige inligtingsgids?

Weer die aansteeklike lag. En dan rammel sy 'n paar interessante feite oor dié insek af. Die kakkerlak is die oudste en gehardste insek wat bestaan, dit is een van die ratsste diertjies ter wêreld, dit kan 25 keer per sekonde van rigting verander en kan byna nie uitgewis word nie, selfs nie deur bestraling nie. As 'n kakkerlak se kop af is, kan hy nog tot nege dae leef voordat hy sal sterf – nie van honger nie, maar van dors. Wetenskaplikes vermoed dat kakkerlakke nog lank nadat die mensdom van die aarde af verdwyn het daar sal wees. Hulle kan hul asem 40 minute ophou en 'n maand sonder kos leef.

"En dit is hoe ek my taal sien – amper onuitwisbaar," verduidelik sy. "Afrikaans is so deel van my soos asemhaal. Daarsonder kan ek my beswaarlik nie indink nie."

Sy het in Mariental in die ou Suidwes-Afrika groot geword, "waar Engels eers 'n eeu gelede ontdek is. Ons het dus nie baie blootstelling aan anglisismes, taalvermenging of -verbastering gehad nie."

Om haar *Kakkerlak*-inligting by die leser uit te kry, leun sy sterk op die skouers van haar man, Pieter. Met sy *Kakkerlak*-voertuig ry hy van dorp tot dorp en van kunstefees tot kunstefees waar hy dié naslaanwerk aan liefhebbers van die Afrikaanse boek bekendstel. Ook hy put bevrediging daaruit as 'n leser daaroor opgewonde raak, vertel Pieter.

Maar dan is Chrisna weer terug by haar eerste liefde en sy babbel entoesiasties oor haar deernis vir die Afrikaanse boek. En nee, destyds toe sy haar meestersverhandeling in biblioteekkunde aan die Noordwes-universiteit gedoen het, het sy nooit kon droom dat sy eendag oor haar eie "biblioteek" sou beskik en as 'n liefdesdiens boeke vir ander liefhebbers sou help soek nie. Sy ondersteun ook leeskringe regoor die land en verskaf inligting aan mense oor die leeskring naaste aan hulle.

Dan wys sy na 'n boks notas, foto's en ander materiaal wat langs haar rekenaar lê. Uit dié, op die oog af deurmekaarspul, is sy besig om aan die derde *Kakkerlak* geboorte te gee, vertel sy. Daar word op nog van een van Suid-Afrika se groot letterkundige geeste, Mikro, gefokus en ook na die lewe van die wildskrywer PJ Schoeman gekyk. Ingrid Jonker se lewe en werk word ondersoek terwyl nuwe werke ook bekend gestel word: daar is onder meer die digbundels van Antjie Krog en Alfred Schaffer, Chris Karsten se kinderboeke en liefdesverhaalskrywer Wilna Adriaanse se *Rebecca*.

Die hele gedagte om boeke te soek en inligting oor letterkundiges vir ander te versamel, het ongeveer drie jaar gelede toevallig begin toe Chrisna oor die lewe en werk van Ingrid Jonker wou navorsing doen.

"Om die een of ander rede het ek baie van haar gehou. Een Junievakansie het ek en my man by Drieankerbaai en Seepunt op haar spoor teruggeloop. Ons het by haar dogter, Simoné, op Vishoek gaan kuier en ek het alles wat ek oor haar kon kry, gekoop: haar digbundels, boeke wat oor haar geskryf is, CD's waarop kunstenaars haar werk besing. Ek maak fotostate van alle koerantberigte en dit wat te dof is, gaan soek ons weer op. Só het ek weer vir Tom Burgers ontmoet – hy was die fotograaf van Ingrid en Pieter Venter se troue!"

Chrisna beskou haarself as 'n wonderlike navorser: "Ek grawe goed uit, snuffel dit soos 'n wafferse polisiehond uit, maar kry dit nie ná die tyd geskryf nie. Ek is nie 'n joernalis nie! My man is eintlik die skrywer!"

In dié tyd wat sy Jonker se boeke vir haar navorsing aangekoop het, het sy ook stelselmatig vir ander mense aankope gedoen. "En so is my doelwitte uitgebrei. Ek was nog altyd lief vir inligting en sal seker altyd bly versamel en insamel. Dis deel van my. Ek is baie nuuskierig en vraatsugtig wat nuwe inligting en uitvindings betref. Al dié navorsing word nou in die tydskrifreeks saamgevat. Natuurlik met die hulp van ander kenners en navorsers."

Maar daar was ook moeilike tye waaruit sy geleer het en die lesse nou met ander wil deel:

"Ek het baie lank soveel spanning, wat met hoofpyne gepaardgegaan het, in my lewe beleef dat ek glad nie my potensiaal kon uitleef nie. Dit is verder bemoeilik omdat ek my nie in woorde kon uitdruk en my kreatiwiteit in die regte rigting kon aanwend nie. Daarom is een van my doelwitte om mense te help om hul potensiaal tot eer van God, wat die Uitdeler van talente is, te gebruik. Jy kan net jou potensiaal uitleef as jy ontspanne is en dit in die regte kanale giet." VK

**As jy deur navorsing, resensies, persoonlike ondervindings of op enige ander manier by dié projek betrokke wil raak, bel Chrisna by (011) 766-4015 of 083-234-0245. Kopieë van die eerste drie *Kakkerlakke* kan ook by haar gekry word.**